basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## REKENINGKUNDE V1

## 2022

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye, 'n formuleblad en 'n 10 bladsy-antwoordeboek.**

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Indien jy dit verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) en Notas | 45 | 35 |
| **2** | Vaste Bates, Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers | 45 | 35 |
| **3** | Vertolking van Finansiële Inligting | 45 | 35 |
| **4** | Korporatiewe Bestuur | 15 | 15 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

## VRAAG 1: STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (BALANSSTAAT) EN NOTAS
**(45 punte; 35 minute)**

1.1 Voltooi elk van die volgende stellings deur 'n woord(e) uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| eksterne ouditeure; direkteure; aandeelhouers; interne ouditeure |
|---|

1.1.1 Die ... is in diens van die maatskappy om kontroleprosesse op te stel en te monitor.

1.1.2 … word aangestel om 'n onpartydige mening oor die finansiële state te gee.

1.1.3 … word deur die eienaars van die maatskappy aangestel om sleutelbestuursfunksies te vervul. (3 x 1) (3)

1.2 **PRUDENCE BPK.**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2022.

**GEVRA:**

1.2.1 Voltooi die volgende Notas tot die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat):

- Gewone aandelekapitaal (7)
- Behoue inkomste (7)

1.2.2 Stel die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 28 Februarie 2022 op. (28)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die rekeningkundige rekords op 28 Februarie:**

| **Balansstaatrekeninge** | **2022<br>R** | **2021<br>R** |
|---|---|---|
| Vaste deposito | 489 000 | **?** |
| Gewone aandelekapitaal | 7 954 000 | **?** |
| Behoue inkomste | 1 196 000 | **?** |
| Lening: XY Lenings | **?** | **?** |
| SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belasting) | 450 000 | |
| Krediteurekontrole | 617 450 | |
| Aandeelhouers vir dividende | 213 400 | 162 000 |
| Debiteurekontrole | 875 000 | |
| Voorsiening vir oninbare skulde | **?** | 23 640 |
| Handelsvoorraad (balanseersyfer) | **?** | |
| Kleinkas | 5 000 | 5 000 |
| Oortrokke bankrekening (balanseersyfer) | **?** | |
| **Nominale rekeninge** | | |
| Ouditfooie | 48 000 | |
| Huurinkomste | 102 400 | |

**B. Aandelekapitaal en dividende:**

| DATUM | BESONDERHEDE |
|---|---|
| 1 Maart 2021 | 75% van die gemagtigde aandelekapitaal van 1 200 000 gewone aandele is reeds uitgereik. |
| 30 Augustus 2021 | 80 000 aandele is by 'n afgetrede aandeelhouer teruggekoop. Hy is 20% (R136 000) bo die gemiddelde aandeleprys betaal en sal nie meer vir dividende kwalifiseer nie. |
| 31 Augustus 2021 | 'n Interim dividend van 28 sent per aandeel is betaal. |
| 1 Desember 2021 | 'n Addisionele 150 000 aandele is uitgereik. |
| 28 Februarie 2022 | 'n Finale dividend is verklaar. |

**C.** Inkomstebelasting vir die jaar nadat alle aansuiwerings in berekening gebring is, beloop R438 000. Dit is 30% van die netto wins.

**D.** Die volgende aansuiwerings is relevant om die Staat van Finansiële Posisie te voltooi:

- Die voorsiening vir oninbare skulde moet met R2 610 verhoog word.
- Slegs die helfte van die ouditfooie is betaal. Die balans sal in Maart 2022 betaal word.
- 'n Huurder gebruik sedert 1 Mei 2021 'n deel van die perseel. Hy het nog nie die huur vir Januarie en Februarie 2022 betaal nie.

**E.** R240 000 van die vaste deposito sal op 1 April 2022 verval.

**F.** 'n Debietsaldo van R17 950 uit die Debiteuregrootboek moet na die Krediteuregrootboek oorgedra word.

**G.** Die volgende finansiële aanwysers is op 28 Februarie 2022 bereken nadat al die aansuiwerings verwerk is:

| | |
|---|---|
| Bedryfsverhouding | 1,6 **:** 1 |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | 0,4 **:** 1 |

**H.** Die lening van XY Lenings sal met 'n kapitaalgedeelte van R228 000 in die 2023 finansiële jaar verminder.

**45**

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

**VRAAG 2: VASTE BATES, KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS (45 punte; 35 minute)**

2.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 Ongebruikte verbruiksgoedere aan die einde van die finansiële jaar word as 'n (bedryfsbate/finansiële bate) geklassifiseer.

2.1.2 Rente op lenings word as 'n (bedryfsaktiwiteit/finansieringsaktiwiteit) beskou.

2.1.3 Die (direkteursverslag/ouditverslag) toon 'n verbale verduideliking van die maatskappy se aktiwiteite en toekomsplanne. (3 x 1) (3)

2.2 **JANTJES BEPERK**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2022.

**GEVRA:**

2.2.1 **Verwys na Inligting A.**

Bereken die ontbrekende syfers aangedui deur **(i)** tot **(iii)** op die Vastebatenota. (11)

2.2.2 Bereken die volgende bedrae vir die 2022-Kontantvloeistaat:

- Vaste bates aangekoop (6)
- Dividende betaal (4)
- Vermindering van lening (3)

2.2.3 Stel die NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANT-EKWIVALENTE-afdeling van die Kontantvloeistaat op. (4)

2.2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2022:

- % winsopslag bereik (3)
- Vuurproefverhouding (4)
- Netto batewaarde per aandeel (NBW) (3)
- % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB) (4)

**INLIGTING:**

**A. Vastebatenota tot die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat):**

| VASTE BATES | GEBOUE R | VOERTUIE R | TOERUSTING R |
|---|---|---|---|
| **Drawaarde (1 Mrt. 2021)** | | **(i)** | 28 000 |
| Kosprys | 6 450 000 | 2 350 000 | 640 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | 0 | (840 000) | (612 000) |
| **Beweging** | | | |
| Toevoegings | **?** | 0 | 195 000 |
| Verkope | 0 | **(iii)** | 0 |
| Waardevermindering | 0 | (298 000) | **(ii)** |
| **Drawaarde (28 Feb. 2022)** | | | |
| Kosprys | | | |
| Opgehoopte waardevermindering | | | |

- Aanbouings aan die geboue is gedurende die finansiële jaar voltooi.
- Addisionele toerusting is op 1 Oktober 2021 aangekoop.
- Toerusting word teen 10% op kosprys verminder.
- 'n Ou voertuig is op 30 November 2021 teen drawaarde verkoop. Die kosprys van hierdie voertuig was R252 000 en sy opgehoopte waardevermindering op 1 Maart 2021 was R172 000.
- Voertuie word teen 20% p.j. op drawaarde verminder.

**B. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022:**

| | |
|---|---|
| Verkope | R12 600 000 |
| Bruto wins | 5 400 000 |
| Inkomstebelasting | 295 800 |
| Netto wins na belasting | 609 200 |

**C. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat):**

| | 28 Feb. 2022 R | 28 Feb. 2021 R |
|---|---|---|
| Vaste bates (drawaarde) | 8 746 500 | 7 988 000 |
| Aandeelhoudersbelang | 8 840 700 | 7 600 000 |
| Gewone aandelekapitaal | 8 648 000 | 7 404 000 |
| Lening: CBC Bank | **?** | 2 057 600 |
| Voorraad | 514 500 | 456 000 |
| Kleinkas | 5 000 | 5 000 |
| Bank | 125 000 **(Kt.)** | 129 000 **(Dt.)** |
| SAID: Inkomstebelasting | 22 500 **( Kt.)** | 13 800 **(Dt.)** |
| Aandeelhouers vir dividende | 264 500 | 180 000 |
| Totale bedryfsbates | 1 323 000 | 1 232 000 |
| Totale bedryfslaste | 735 000 | 592 500 |

**D. Aandelekapitaal:**

- Op 1 Maart 2021 is 1 000 000 aandele reeds uitgereik.
- 200 000 aandele is op 1 Mei 2021 uitgereik.
- 50 000 aandele is op 1 Desember 2021 teruggekoop.

**E. Dividende:**

- 'n Tussentydse dividend is op 31 Augustus 2021 betaal.
- 'n Finale dividend is op 28 Februarie 2022 verklaar.
- Totale dividende vir die finansiële jaar het R552 500 beloop.

**F. Lening: CBC Bank**

Die leningstaat wat op 28 Februarie 2022 ontvang is, toon:

- Terugbetalings: R38 000 per maand (rente ingesluit)
- Totale rente gekapitaliseer: R216 000

**45**

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

**VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING (45 punte; 35 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot twee meubelmaatskappye, Vrede Bpk. en Nigel Bpk., vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2022.

Die direkteure van beide maatskappye het probeer om hulle resultate ná die moeilike handelsdryftydperk in 2020/2021 te verbeter, maar hulle gebruik verskillende strategieë in die 2022 finansiële jaar:

- Die direkteure van Vrede Bpk. het besluit om met 'n konserwatiewe aanslag vol te hou.
- Die direkteure van Nigel Bpk. het besluit om na 'n meer aggressiewe aanslag om te skakel.

**GEVRA:**

**LET WEL:** Verskaf syfers, finansiële aanwysers of berekeninge in ELKE geval om jou kommentaar en verduidelikings te staaf.

3.1 **Winsgewendheid/Bedryfsdoeltreffendheid:**

**Verwys na Inligting A.**

Identifiseer en verduidelik watter maatskappy meer doeltreffend was met die beheer van hulle bedryfsaktiwiteite. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (5)

3.2 **Likiditeit:**

**Verwys na Inligting A.**

- Identifiseer en verduidelik watter maatskappy beter likiditeits- finansiële aanwysers het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (3)
- Verduidelik EEN bekommernis wat jy oor die likiditeit van die ander maatskappy het. Haal EEN finansiële aanwyser aan. (2)

3.3 **Dividende:**

**Verwys na Inligting A.**

Lewer kommentaar op die verskil tussen die dividenduitbetalingsbeleid wat deur die direkteure van die twee maatskappye geïmplementeer is en verduidelik EEN moontlike rede vir ELK van hulle besluite in hulle onderskeie maatskappye. Haal syfers of aanwysers aan. (6)

3.4 **Finansiële hefboom, risiko, finansierings- en beleggingsaktiwiteite:**

**Verwys na Inligting A, B en C.**

- Verduidelik die spesifieke besluite wat deur die direkteure van ELKE maatskappy geneem is wat die finansiële hefboom en risiko geraak het. Haal bedrae in rand aan. (4)
- Lewer kommentaar op die finansiële hefboom en risiko van Nigel Bpk. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (4)
- By die AJV van Nigel Bpk. het 'n woedende aandeelhouer gesê dat die direkteure se aggressiewe strategieë in die toekoms waarskynlik tot die mislukking van die maatskappy sal lei. Verduidelik TWEE punte waarom die aandeelhouer dalk so kon gevoel het. (5)

3.5 **Aandeelhouers se assessering van aandele se markpryse:**

**Verwys na Inligting A en B.**

Aandeelhouers van Vrede Bpk. is nie tevrede met die markprys van hulle aandele nie, terwyl die aandeelhouers van Nigel Bpk. tevrede is. Verduidelik, deur syfers of aanwysers aan te haal en identifiseer, vir elke maatskappy, 'n faktor wat die markprys van die aandele sou beïnvloed. (6)

3.6 **Aandeelhouding van Jay Sonto in Vrede Bpk. en Nigel Bpk.:**

**Verwys na Inligting B en D.**

Jay het in 2019 'n totaal van R10,2 m. in die maatskappye belê. Hy is onseker of die veranderinge in sy aandeelhouding en aandelepryse hom bevoordeel het. Jay wil 19 000 van sy Nigel Bpk.-aandele op die JSE verkoop.

- Verskaf berekeninge om die verandering in Jay se % aandeelhouding in Nigel Bpk. oor die finansiële jaar te toon. Lewer kommentaar op sy % aandeelhouding in ELKE maatskappy. (4)
- Bereken die totale wins of verlies wat hy tans op sy aandele in ELKE maatskappy maak. Gee raad of dit wys is om 19 000 aandele in Nigel Bpk. te verkoop, of nie. (6)

## INLIGTING:

### A. FINANSIËLE AANWYSERS

| | VREDE BPK. | | NIGEL BPK. | |
|---|---|---|---|---|
| | 2022 | 2021 | 2022 | 2021 |
| % bedryfsuitgawes op verkope | 23,9% | | 23,0% | |
| % bedryfswins op verkope | 13,6% | | 19,9% | |
| % netto wins op verkope | 7,0% | | 9,2% | |
| Bedryfsverhouding | 1,8 : 1 | | 1,2 : 1 | |
| Vuurproefverhouding | 0,7 : 1 | | 0,5 : 1 | |
| Voorraadomsetsnelheid | 11 keer | 12 keer | 23 keer | 12 keer |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | 0,3 : 1 | 0,5 : 1 | 1,3 : 1 | 0,6 : 1 |
| Netto batewaarde per aandeel | R32,95 | | R23,08 | |
| Verdienste per aandeel | R2,54 | | R4,10 | |
| Dividende per aandeel | R1,90 | R1,40 | R4,40 | R2,80 |
| Dividenduitbetalingskoers | 74,8% | | 107,4% | |
| % opbrengs op aandeelhouersbelang | 7,8% | 11,2% | 16,8% | 10,4% |
| % opbrengs op totale kapitaal aangewend | 10,5% | | 16,2% | |

### B. AANDELEPRYSE, EKWITEIT, LENINGS EN RENTE

| | VREDE BPK. 2022 | NIGEL BPK. 2022 |
|---|---|---|
| Gemiddelde uitreikprys | R31,00 | R24,00 |
| Markprys op aandelebeurs (datum) | R24,00 | R32,00 |
| Terugkoopprys per aandeel | R0,00 | R29,00 |
| Rentekoers op lenings | 12,0% | 12,0% |
| Rente-uitgawe | R900 000 | R2 100 000 |
| Lenings teen jaareinde | R7 500 000 | R17 500 000 |
| Aandeelhouersbelang teen jaareinde | R29 654 000 | R13 846 000 |

### C. UITTREKSEL UIT KONTANTVLOEISTAAT

| | VREDE BPK. 2022 | NIGEL BPK. 2022 |
|---|---|---|
| **Finansieringsaktiwiteite** | **R7 400 000** | **R(4 540 000)** |
| 300 000 nuwe aandele uitgereik | 9 900 000 | 0 |
| 260 000 aandele teruggekoop | 0 | (7 540 000) |
| Verandering in lening | (2 500 000) | 3 000 000 |
| **Beleggingsaktiwiteite** | **(3 300 000)** | **880 000** |
| Verandering in vaste bates | (3 100 000) | 730 000 |
| Verandering in beleggings | (200 000) | 150 000 |

### D. AANDEELHOUDING VAN JAY SONTO IN ELKE MAATSKAPPY

| | | VREDE BPK. | NIGEL BPK. |
|---|---|---|---|
| Aandele sedert 2019 deur Jay Sonto besit: | | 200 000 aandele | 320 000 aandele |
| % aandeelhouding op: | 1 Mei 2021<br>30 April 2022 | 33,3%<br>22,2% | 37,2%<br>**?** |
| Prys per aandeel betaal op: | 1 Mei 2019 | R27,00 | R15,00 |
| Totale aandele uitgereik op: | 1 Mei 2021<br>30 April 2022 | 600 000 aandele<br>900 000 aandele | 860 000 aandele<br>600 000 aandele |

**45**

**VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR (15 punte; 15 minute)**

Korporatiewe sosiale verantwoordelikheid (KSV) is 'n belangrike deel van korporatiewe bestuur.

| **Definisie van KSV** |
|---|
| KSV is die voortdurende toewyding om eties korrek op te tree en tot die ekonomiese/ finansiële ontwikkeling by te dra terwyl die lewensgehalte van die werksmag en hulle gesinne, asook die land en die gemeenskap in geheel, verbeter word. |
| [Bron: unido.org] |

**GEVRA:**

4.1 'n Welgestelde HUB het gesê dat dit onregverdig is om KSV-verantwoordelikhede op maatskappye te plaas aangesien die regering daarvoor verantwoordelik moet wees om aan hierdie kwessies aandag te gee.

Verduidelik hoe jy op die HUB se stelling sou reageer. Noem TWEE punte. (4)

4.2 **Verwys na die inligting met betrekking tot Franco Bpk.**

- Dui aan of Franco Bpk. 'n publieke of privaat maatskappy is. (1)
- Verduidelik waarom werknemers en beleggers (aandeelhouers) oor hierdie insident ontsteld was. (4)
- Verduidelik wat in die maatskappy verkeerd geloop het dat daar toegelaat is dat hierdie bedrog plaasvind. Noem DRIE verskillende/aparte punte. (6)

**INLIGTING:**

**FRANCO BEPERK***

| |
|---|
| Een van die grootste rekeningkundige gevalle van bedrog in die geskiedenis van Suid-Afrika het 'n paar jaar gelede in hierdie meubelmaatskappy, wat op die JSE en die Europese* Aandelebeurs gelys is, gebeur.<br><br>'n Ondersoek het fiktiewe of onreëlmatige transaksies, ten bedrae van meer as R100 miljard, oor 12 jaar geïdentifiseer. Die aandeleprys het toe onmiddellik nadat die nuus bekend gemaak is, met 90% geval. Voormalige Franco Bpk.-bestuurslede en individue buite die maatskappy, wat 'n 'senior bestuursbeampte' ingesluit het, is daarvan beskuldig dat hulle die maatskappy se winste en batewaardes op 'n bedrieglike wyse te hoog aangegee het. |

* Op ware artikels gebaseer; name verander

**15**

**TOTAAL: 150**

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**NOTA:**

* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

PLAKKER

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

# REKENINGKUNDE V1

# GRAAD 12

# 2022

## *SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| TOTAAL | | | |

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 10 bladsye.**

**VRAAG 1**

**1.1**

| | |
|---|---|
| **1.1.1** | |
| **1.1.2** | |
| **1.1.3** | |

| |
|---|
| |
| **3** |

**1.2 PRUDENCE BPK.**

**1.2.1 GEWONE AANDELEKAPITAAL**

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | **7 954 000** |

| |
|---|
| |
| **7** |

**BEHOUE INKOMSTE**

| | |
|---|---|
| **Saldo op 1 Maart 2021** | |
| | |
| **Aandele teruggekoop** | |
| **Gewone aandeledividende** | |
| | |
| **Finale dividende** | **213 400** |
| **Saldo op 28 Februarie 2022** | **1 196 000** |

| |
|---|
| |
| **7** |

**1.2.2 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (BALANSSTAAT) OP 28 FEBRUARIE 2022**

| | |
|---|---|
| **BATES** | |
| **NIEBEDRYFSBATES** | |
| **Vaste bates** | |
| | |
| **BEDRYFSBATES** | **2 080 000** |
| **Voorraad** | |
| **Handels- en ander ontvangbare bedrae** | |
| | |
| **TOTALE BATES** | |
| **EKWITEIT EN LASTE** | |
| **AANDEELHOUERSBELANG** | **9 150 000** |
| **Gewone aandelekapitaal** | **7 954 000** |
| **Behoue inkomste** | **1 196 000** |
| **NIEBEDRYFSLASTE** | |
| | |
| **BEDRYFSLASTE** | |
| **Handels- en ander betaalbare bedrae** | |
| | |
| | |
| **Oortrokke bankrekening** | |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | |

| |
|---|
| |
| **28** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **45** |

## VRAAG 2

**2.1**

| | |
|---|---|
| **2.1.1** | |
| **2.1.2** | |
| **2.1.3** | |

**3**

**2.2 JANTJES BEPERK**

**2.2.1**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| **(i) Drawaarde van voertuie op 1 Maart 2021** | |
| **(ii) Totale waardevermindering op toerusting** | |
| **(iii) Drawaarde van die voertuig verkoop** | |

**11**

**2.2.2 Bereken die volgende bedrae vir die 2022-Kontantvloeistaat:**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| **Vaste bates aangekoop** | |
| **Dividende betaal** | |
| **Vermindering in lening** | |

**6**

**4**

**3**

2.2.3

| NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE | |
|---|---|
| | |
| | |

4

2.2.4 **Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2022:**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| **% winsopslag bereik** | |
| **Vuurproefverhouding** | |
| **Netto batewaarde per aandeel (NBW)** | |
| **% opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB)** | |

% winsopslag bereik: 3

Vuurproefverhouding: 4

Netto batewaarde per aandeel (NBW): 3

% opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB): 4

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 45 |

## VRAAG 3

### 3.1 Winsgewendheid/Bedryfsdoeltreffendheid:

| |
|---|
| **Identifiseer en verduidelik watter maatskappy meer doeltreffend was met die beheer van hulle bedryfsaktiwiteite. Haal TWEE finansiële aanwysers aan.** |

**5**

### 3.2 Likiditeit:

| |
|---|
| **Identifiseer en verduidelik watter maatskappy beter likiditeits- finansiële aanwysers het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan.** |

**3**

| |
|---|
| **Verduidelik EEN bekommernis wat jy oor die likiditeit van die ander maatskappy het. Haal EEN finansiële aanwyser aan.** |

**2**

### 3.3 Dividende:

**Lewer kommentaar op die verskil tussen die dividenduitbetalingsbeleid wat deur die direkteure van die twee maatskappye geïmplementeer is en verduidelik EEN moontlike rede vir ELK van hulle besluite in hulle onderskeie maatskappye. Haal syfers of aanwysers aan.**

| | KOMMENTAAR OP BELEID (met syfers) | MOONTLIKE REDE VIR BESLUIT |
|---|---|---|
| **VREDE BPK.** | | |
| **NIGEL BPK.** | | |

**6**

**3.4 Finansiële hefboom, risiko, finansierings- en beleggingsaktiwiteite:**

| | |
|---|---|
| **Verduidelik die spesifieke besluite wat deur die direkteure van ELKE maatskappy geneem is wat die finansiële hefboom en risiko geraak het. Haal bedrae in rand aan.** | |
| **VREDE BPK.** | |
| **NIGEL BPK.** | |

**4**

| |
|---|
| **Lewer kommentaar op die finansiële hefboom en risiko van Nigel Bpk. Haal TWEE finansiële aanwysers aan.** |

**4**

| |
|---|
| **By die AJV van Nigel Bpk. het 'n woedende aandeelhouer gesê dat die direkteure se aggressiewe strategieë in die toekoms waarskynlik tot die mislukking van die maatskappy sal lei. Verduidelik TWEE punte waarom die aandeelhouer dalk so kon gevoel het.** |

**5**

**3.5 Aandeelhouers se assessering van aandele se markpryse:**

| | |
|---|---|
| **Verduidelik, deur syfers of aanwysers aan te haal en identifiseer, vir elke maatskappy, 'n faktor wat die markprys van die aandele sou beïnvloed.** | |
| **VREDE BPK.** | |
| **NIGEL BPK.** | |

**6**

**3.6 Aandeelhouding van Jay Sonto in Vrede Bpk. en Nigel Bpk.:**

| | |
|---|---|
| **Verskaf berekeninge om die verandering in Jay se % aandeelhouding in Nigel Bpk. oor die finansiële jaar te toon.** | |
| **Lewer kommentaar op sy % aandeelhouding in ELKE maatskappy.** | |
| **VREDE BPK.** | |
| **NIGEL BPK.** | |

4

| | |
|---|---|
| **Bereken die totale wins of verlies wat hy tans op sy aandele in ELKE maatskappy maak.** | |
| **VREDE BPK.** | **NIGEL BPK.** |
| | |
| **Gee raad of dit wys is om 19 000 aandele in Nigel Bpk. te verkoop, of nie.** | |

6

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **45** |

**VRAAG 4**

| | |
|---|---|
| 4.1 | **Verduidelik hoe jy op die HUB se stelling sou reageer. Noem TWEE punte.** |
| | **4** |

| | |
|---|---|
| 4.2 | **Dui aan of Franco Bpk. 'n publieke of privaat maatskappy is.** |
| | **1** |
| | **Verduidelik waarom werknemers en beleggers (aandeelhouers) oor hierdie insident ontsteld was.** |
| | **Kommentaar oor werknemers:** |
| | **Kommentaar oor beleggers (aandeelhouers):** |
| | **4** |

| **Verduidelik wat in die maatskappy verkeerd geloop het dat daar toegelaat is dat hierdie bedrog plaasvind. Noem DRIE verskillende/ aparte punte.** |
|---|
| |

| |
|---|
| **6** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **15** |

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## REKENINGKUNDE V1

## NASIENRIGLYNE

## 2022

**PUNTE: 150**

**NASIENBEGINSELS:**

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). Let wel: As syfers aangedui in memo vir komponente of bewerkings, dra hierdie nie die metode punt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Hierdie memorandum is nie vir verspreiding in die publiek nie' omdat sekere items dalk verkeerd gehanteer is. Aanpassings is gemaak a.g.v. sekere vrae
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
9. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
10. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Let wel: kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees of per memo.
11. In bewerkings, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook van toepassing op verhoudings.
12. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige vir enige item wat foutief is nie, ten minste gedeeltelik. Dui aan met 'n ☒.
13. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die memorandum verskaf. Neem kennis dat een kommentaar meer as een aspek kan aanspreek
14. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.**

## VRAAG 1

**1.1**

| | | |
|---|---|---|
| **1.1.1** | Interne ouditeur | ✓ |
| **1.1.2** | Eksterne ouditeur | ✓ |
| **1.1.3** | Direkteure | ✓ |

**3**

### 1.2 PRUDENCE BPK.

### 1.2.1 GEWONE AANDELEKAPITAAL

sien aandele teruggekoop eerste na, gebruik selfde GAP*

| | | |
|---|---|---|
| 900 000 ✓<br>1 200 000 x 75% | Saldo op 1 Maart 2021<br>900 000 x 8,50* sien hieronder | 7 650 000 ☑☑*<br>Aantal aantal X GAP |
| (80 000) | Aandele teruggekoop. Enige een deel *korrek*<br>80 000 X 8,50* | (680 000) ✓☑<br>#moet nie 136 000 as finale syfer aanvaar nie |
| 150 000 | Aandele uitgereik op 1 Desember 2021<br>Kontroleer korrekte bewerking | 984 000 ☑<br>balanseersyfer |
| 970 000 ☑<br>bewerking& een deel korrek | Saldo op 28 Februarie 2022 | **7 954 000** |

**7**

### BEHOUE INKOMSTE

| | |
|---|---|
| **Saldo op 1 Maart 2021**<br>Kontroleer berekening van onder af:;[ + GAK + aand terkoop – NWNB] | 753 000 ☑<br>balanseersyfer |
| Netto wins na belasting 438 000 x 70/30 | 1 022 000 ✓✓ |
| **Aandele teruggekoop** | (136 000) ✓ |
| **Gewone aandele dividende** | (443 000) ☑<br>Interim + final div |
| Interim dividende 820 000 x 28 sent<br>OF 28% /0,28 | 229 600 ✓☑<br>een deel korrek |
| **Finale dividende** | **213 400** |
| **Saldo op 28 Februarie 2022** | **1 196 000** |

**7**

**1.2.2 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (BALANSSTAAT) OP 28 FEBRUARIE 2022**

| | |
|---|---|
| **BATES** | |
| **NIEBEDRYFSBATES** TB – BB | 12 030 000 ☑ |
| **Vaste bates** NBB – VD | 11 781 000 ☑ |
| Vaste deposito 489 000 – 240 000 **4** | 249 000 ✓✓ |
| **BEDRYFSBATES** | **2 080 000** |
| **Voorraad** | 966 600 ☑<br>balanseersyfer |
| **Handels- en ander ontvangbare bedrae**<br>875 000✓ – 26 250 ✓✓ + 25 600 ✓✓ – 17 950 ✓ + 12 000* ✓<br>12 800 een punt<br>VOS (23 640 + 2 610) Huurink (12 800 + 12 800) (102 400 x 2/8) oordrag v deb SAID (450 000 – 438 000) | 868 400 ☑<br>bewerking<br>een deel korrek<br>sien beginsel nr 4 |
| Kontant en kontantekwivalente (240 000✓+ 5 000✓) | 245 000<br>of TWEE punte |
| **TOTALE BATES** sien totale AHB +NBL + BL | 14 110 000 ☑ |
| **12**<br>**EKWITEIT EN LASTE** | |
| **AANDEELHOUERSBELANG** | **9 150 000** |
| **Gewone aandelekapitaal** | **7 954 000** |
| **Behoue inkomste** | **1 196 000** |
| **NIEBEDRYFSLASTE** 9 150 000 x 0,4 | 3 660 000✓✓* |
| Lening: XY Bank **2**<br>*ken TWEE punte as berekeninge op hierdie lyn getoon word | 3 660 000 |
| **BEDRYFSLASTE** 2 080 000 / 1,6 | 1 300 000 ✓✓ |
| **Handels- en ander betaalbare bedrae**<br>617 450 ✓ + 48 000 ✓ – 17 950 ✓<br>Ouditfooie oordrag van deb | 647 500 ☑<br>een deel korrek<br>sien beginsel nr 4 |
| Aandeelhouers vir dividende ** | 213 400 ✓ |
| Huidige deel van lening **<br>mag deel wees van bewerkings vir H&AO | 228 000 ✓ |
| **Oortrokke bankrekening** | 211 100 ☑<br>Balanseersyfer |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** AHB + NBL + BL **10** | 14 110 000 ☑ |

**28**

| | |
|---|---|
| **TOTALE PUNTE** | **45** |

## VRAAG 2

### 2.1

| | |
|---|---|
| **2.1.1** | bedryfsbate ✓ |
| **2.1.2** | finansieringsaktiwiteit ✓ of bedryfsaktiwiteite (agv tegniese/ aanbieding redes) |
| **2.1.3** | direkteursverslag✓ |

**3**

### 2.2 JANTJES BEPERK

**2.2.1**

| BEWERKINGS Aanvaar T-rekeninge | ANTWOORD |
|---|---|
| **(i) Drawaarde van voertuie op 1 Maart 2021**<br>2 350 000 – 840 000 | 1 510 000 ✓ |
| **(ii) Totale waardevermindering op toerusting**<br>640 000 x 10% = 64 000 (DW is 28 000) 28 0000 een punt<br>Oud: 28 000 – 1 = 27 999 ✓✓<br>Nuut: 195 000 x 10 % x 5/12 = 8 125 ✓☑<br>enige een deel korrek | 36 124 ☑<br>enige een deel korrek |
| **(iii) Drawaarde van voertuie verkoop**<br>**Huidige waardevermindering:**<br>80 000 x 20% x 9/12 = 12 000 een punt een metode punt<br>OF 298 000 – 286 000 = 12 000<br>252 000 ✓ – 172 000 ✓ – 12 000 ✓☑ **een deel korrek**<br>80 000<br>OF: 252 000 – (172 000 + 12 000)<br>184 000 twee punte een m punt | 68 000 ☑<br>een deel korrek |

**11**

**2.2.2 Bereken die volgende bedrae vir die 2022 Kontantvloeistaat:**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| **Vaste bates aangekoop**<br>334 124 twee punte (waardevermindering)<br>✓ ☑ 2.2.1 (iii) ✓ ☑ 2.2.1 (ii) ✓<br>7 988 000 – 68 000 – 298 000 – 36 124 – 8 746 500<br>Aanvaar alternatiewe aanbieding van berekeninge<br>Soos tekens omgeruil, gb formaat; nota formaat<br>Berekening HV(HG) van Nota:<br>Een punt Een punt Een punt Een punt Een punt<br>1 144 000 + 186 876 – 8 746 500 + 6 450 000 – 195 000<br>OF: –1 144 000 – 186 876 + 8 746 500 – 6 450 000 + 195 000 | 1 160 624 ☑<br>een deel korrek |
| **Dividende betaal**<br>288 000 twee punte<br>180 000 ✓ + 552 500✓ – 264 500✓<br>OF:<br>Tekens omgeruil of grootb -288 000 twee punte<br>Een punt Een punt Een punt<br>–180 000 – 552 500 + 264 500 | 468 000 ☑<br>een deel korrek |
| **Vermindering in lening**<br>Betalings – rente = 456 000 – 216 000<br>OF: Begin– einde = 2 057 600 – 1 817 600<br>OF: tekens omgeruil of grootboek<br>–456 000 + 216 000 OF –2 057 600 + 1 817 600 | 240 000✓✓ ☑<br>een deel korrek |

**6**

**4**

**3**

**2.2.3**

| NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE | (254 000) ✓✓ | |
|---|---|---|
| Beginsaldo 129 000 + 5 000 | 134 000 ✓<br>129 000 | |
| Eindsaldo – 125 000 + 5 000 moet hakies he | (120 000) ✓<br>(125 000) | 4 |

**2.2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2022:**

| BEWERKINGS | ANTWOORD | |
|---|---|---|
| **% winsopslag bereik**<br>5 400 000 ✓ / 7 200 000 ✓ x 100* / 1<br>(12 600 000 – 5 400 000) | 75%☑<br>Bewerking:een deel korrek & as % | 3 |
| **Vuurproefverhouding**<br>(1 323 000 – 514 500) twee punte; geen deelpunte<br>808 500 ✓✓ : 735 000 ✓ | 1,1 :1☑<br>een deel korrek & as in formaat van x: 1 | 4 |
| **Netto batewaarde per aandeel (NBW)**<br>8 840 700 ✓ / 1 150 000 ✓ x 100* (vir sent)<br>(1 000 000 + 200 000 – 50 000) een punt | 768,8 cents ☑<br>Bewerking:een deel korrek<br>Kan nie % wees nie<br>aanvaar769 sent<br>of R7,69 | 3 |
| **% opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB)**<br>609 200 ✓ / ½ ✓(7 600 000 + 8 840 700)✓ x 100*<br>16 440 700 een punt<br>8 220 350 twee punte | 7,4% ☑<br>Bewerking:een deel korrek as 'n % | 4 |

* x 100 word nie gesien as een deel korrek nie

| TOTALE PUNTE | 45 |
|---|---|

## VRAAG 3

### 3.1 Winsgewendheid/Bedryfsdoeltreffendheid:

**Identifiseer en verduidelik watter maatskappy meer doeltreffend was met die beheer van hulle bedryfsaktiwiteite. Haal TWEE finansiële aanwysers aan.**

Nigel Bpk. ✓

TWEE aanwysers : naam van aanwyser ✓ ✓ syfers✓ ✓( vergelyking of geïmpliseer)
-1 vir addissionele foutiewe aanwysers verskaf (maks. -1)

% Bedryfsuitgawes op verkope (23,0%) is laer as die van Vrede Bpk. (23,9%) / versk. 0,9 punte
% Bedryfswins op verkope (19,9%) is beter as Vrede Bpk.13,6%/verskil 6.3% punte
% Netto wins op verkope (9,2%) is beter as Vrede Bpk.7,0%/ verskil 2,2% punte

**5**

### 3.2 Likiditeit:

**Identifiseer en verduidelik watter maatskappy beter likiditeits- finansiële aanwysers het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan.**

**Vrede Bpk of Nigel Bpk.** ✓ Name van aanwysers met syfers ✓ ✓

- bedryfsverhouding; 1,8 : 1 ( Vrede) of 1,2:1 (Nigel)/ verskil 0,6:1
- vuurproefverhouding; 0,7 : 1 (Vrede ) of 0,5 (Nigel)/ verskil 0,2: 1
- voorraadomsetsnelheid 11 keer (Vrede) of 23 keer (Nigel) / verskil 12 keer

**3**

**Verduidelik EEN bekommernis wat jy oor die likiditeit van die ander maatskappy het. Haal EEN finansiële aanwyser aan.**

Verduideliking op maatkappy **nie hierbo genoem** (met finansiële aanwyser en syfers) ✓ ✓

- **Nigel Bpk**: Vuurproefverhouding van 0,5 : 1 of bedryfsverhouding 1,2: 1 kan op swak bestuur van bedryfskapitaal of kontantvloei probleme dui/moeilik om korttermyn skuld te dek/ voorraadomsetsnelheid is 23 keer mag aandui op te lae vlakke om aan vraag te voldoen te dek.
- **Vrede Bpk:**Voorraadomsetsnelheid 11 keer (verminder van 12)/ of vuurproefverh. van 0,7:1 kan dui op hoë voorraadvlakke/ laer aanvraag v produk

**2**

### 3.3 Dividende:

**Lewer kommentaar op die verskil tussen die dividenduitbetalingsbeleid wat deur die direkteure van die twee maatskappye geïmplementeer is en verduidelik EEN moontlike rede vir ELK van hulle besluite in hulle onderskeie maatskappye. Haal syfers of aanwysers aan.**

| | KOMMENTAAR OP BELEID (met syfers) | MOONTLIKE REDE VIR BESLUIT |
|---|---|---|
| **VREDE BPK.**<br>Kommentaar ✓<br>Syfer/s ✓<br>+<br>Rede✓ | • Dividenduitbetaalkoers is 74,8% /maatskappy gee 74,8% van VPA aan aandeelhouers<br>• Hulle behou slegs 25,2% as 'n reserwe vir die maatskappy<br>• Betaal190c DPS van 254c VPA (75%) / behou 64 c vir toekomstige groei | • Probeer aandeelhouers gelukig hou et hulle belegging<br>• Om toe te laat vir uitbreiding/ groei<br>• Besluit om fondse in reserwe te hou vir onvoorsiene gebeure (konserwatiewe benadering)<br>• Om 'n balans te handhaaf tussen om aandeelhouers tevrede te stel en kontuitiet te verseker |
| **NIGEL BPK.**<br>Kommentaar ✓<br>Syfer/s ✓<br>+<br>Rede✓ | • Dividenduitbetaalkoers is 107,4%; behoue inkomste van vorige jare gebruik om vir dividend te betaal<br>• Dividende van 440c oorskry die VPA van 410c/ negatiewe effek van 30c | • Probeer om aandeelhouers gelukkig te hou met hul belegging<br>• Direkteure wil 'n positiewe beeld van maatskappy of sy direkteure skep (vir herverkiesing)<br>• Aggressiewe besluit/poging om aandeelhouers oor strategie te oortuig |

**6**

### 3.4 Finansiële hefboom, risiko, finansierings- en beleggingsaktiwiteite:

**Verduidelik die spesifieke besluite wat deur die direkteure van ELKE maatskappy geneem is wat die finansiële hefboom en risiko geraak het. Haal bedrae in rand aan.**
-1 vir oortollige items as meer as 2 besluite verskf is vir enige maatskappy (maks -1)

| | |
|---|---|
| **VREDE BPK.** | *Ken een punt in elke getal toe vir besluit & bedrag*<br>Aandele uitgereik; 9 900 000 ✓<br>Lening terugbetaal; 2 500 000✓<br>Moet nie aanvaar: Vaste bates of beleggings |
| **NIGEL BPK.** | *Ken een punt in elke geal toe vir besluit & bedrag*<br>Aandele teruggekoop; 7 540 000✓<br>Lening verhoog; 3 000 000✓<br>Moet nie aanvaar: Vaste bates of beleggings |

**4**

**Lewer kommentaar op die finansiële hefboom en risiko van Nigel Bpk. Haal TWEE finansiële aanwysers aan.**

( kommentare kan gekombineer word of apart )

Aanwysers (met bedrae) ✓ ✓ noem hoë risiko✓ noem positief gerat ✓

**Skuld-ekwiteit-verhouding** (1,3 : 1) hoë finansiële risiko; 'n oorstaatmaking van geleende fondse/grens aan insolvensie

**OOTKA** (16,2%) positief gerat; (beter rentekoers van 12%);maak effektief gebruik van kapitaal aangewend om winste te genereer

**4**

**By die AJV van Nigel Bpk. het 'n woedende aandeelhouer gesê dat die direkteure se aggressiewe strategieë in die toekoms waarskynlik tot die mislukking van die maatskappy sal lei. Verduidelik TWEE punte waarom die aandeelhouer dalk so kon gevoel het.**

Twee geldige items geïdentifiseer (syfers nie nodig) ✓✓ ✓✓

Deelpunte vir onduidelike antwoorde Aanvaar ander geldige alternatiewe

Algehele kommentaar kan ingesluit wees in kommentaar op strategiee: kandidate moet waarom hierdie besluiteprobleme vir die maatskappy kan veroorsaak bv verhoogde risiko,swak kontantvloei, kan lei tot groot verliese, swak beeld, ontsenu aandeelhouers

- Aandele teruggekoop (R7 540 000)groot kontantvloei probleme/ skep vals indruk van aandelewaaardes /het nie solvensieverhouding gekontroleer nie
- Verhoging van lening (R3 000 000) plaas die maatskappy in hoë risiko/ risiko vn verhoging in rentekoers
- Verkoop van bate (R730 000) - relaag produktiewe kapasiteit
- Verval van vaste deposito (R150 000) – beleggingsgeleentheid verlore/ meer behoort bele te word/ Sou daar enige onvoorsiene terugslae in die toekoms wees, sal die onderneming dit moeilik vind om al sy finansiële verpligtinge na te kom (solvensie-kwessie)
- die maatskappy fokus op die maak van wins eerder as om na langtermyn volhoubaarheid/ plaas maatskappy in risiko (solvensie-kwessie)
- aanvaar ook: hoë dividende (107,4% of R2,64m) raak kontantvloei of solvensie

**5**

### 3.5 Aandeelhouers se assessering van aandele se markpryse:

**Verduidelik, deur syfers of aanwysers aan te haal en identifiseer, vir elke maatskappy, 'n faktor wat die markprys van die aandele sou beïnvloed.** Vergelyking van MP met NBW is NB in elke geval.Slegs een punt nodig. Deelpunte vir gedeeltelike of onvolledig antw

| | |
|---|---|
| **VREDE BPK.** | Markprys R24 is laer as NBW van R32,95 / met R8,95 ✓<br>Identifiseer faktor (syfers nie nodig): ✓✓<br>Lae aanvraag of weerstand om aandele te koop in hierdie maatskappy / OOAB val / behoue inkomste minder as vorige jaar/ konserwatiewe besluitneming deur direkteure / bang om brawe besluite te neem/ swak beeld van maatskappy of direkteure / gebrek aan vertroue in bestuur |
| **NIGEL BPK.** | MP van R32 is beter as die NBW van R23,08 / met R8,92 ✓<br>Identifiseer faktor (syfers nie nodig): ✓✓<br>Aandele is in aanvraag/ beleggers het vertroue in maatskappy / verbeter opbrengs (OOAB) / hoë dividend of uitbetaalkoers / risikonemers / vertroue / dinamiese bestuur (aggressief/ goeie of positiewe beeld |

**6**

**3.6 Aandeelhouding van Jay Sonto in Vrede Bpk. en Nigel Bpk.:**

**Verskaf berekeninge om die verandering in Jay se % aandeelhouding in Nigel Bpk. oor die finansiële jaar te toon.**

320 000/600 000 x 100 = 53,3% ✓✓ impliseer vergelyking
Aanvaar ook: Verander (van 37,2%) tot 53,3%/ met 16,1% punte/met 43,3%

**Lewer kommentaar op sy % aandeelhouding in ELKE maatskappy.**

| | |
|---|---|
| **VREDE BPK.**<br>Enige een punt<br>✓ Syfers nie nodig | • Hy is steeds 'n minderheidsaandeelhouer (klein invloed op besluite)<br>• Sy % aandeel-houding het verder geval (van 33,3% tot 22,2%)<br>• Het nie bykomende aandele gekoop toe daar weer aandele uitgereik is nie |
| **NIGEL BPK.**<br>Enige een punt<br>✓ Syfers nie nodig | **As berekening meer as 50% is:**<br>Hy is nou 'n meerderheidsaandeelhouer as gevolg van die terugkoop van aandele/aandeelhouding vermeerder<br>Vermin. in aandelekaphet hom 'n meerderheid besluitnemer gemaak<br>**As berekening minder as 50% is:**<br>Hy is nog die minderheidsaandeelhouer (min invloed op besluitneming<br>Sy % aandeelhouding vermeerder/afgeneem |

4

**Bereken die totale wins of verlies wat hy tans op sy aandele in ELKE maatskappy maak.**

| VREDE BPK. | NIGEL BPK. |
|---|---|
| Belê: 200 000 x 27 = R5 400 000<br>Nou werd: 200 000 x 24<br>R4 800 000<br>Verlies in belegging: R600 000 ✓✓<br>OF<br>3 x 200 000 = 600 000<br>Aanvaar ook 11,1% twee punte | Belê:: 320 000 x 15 = R4 800 000<br>Nou werd: R320 000 x 32<br>R10 240 000<br>Groei in belegging:<br>R5 440 000 ✓✓<br>OF: 17 x 320 000 = 5 440 000<br>Aanvaar ook 113,4% twee punte |

**Gee raad of dit wys is om 19 000 aandele in Nigel Bpk. te verkoop, of nie.**

EEN geldige punt (met syfers) ✓✓ kan beïnvloed word deur wins/verlies hierbo.
Deelpunte kan toegeken word vir onduidelike of gedeeltelike antwoorde

Verwagte antwoorde

- Dit is wys om te verkoop aangesien die aandeleprys tans hoog is (R32,00)
- Dit dalk nie ‘n goeie idee om te verkoop sou die aandeleprys in die toekoms bo R32 styg nie
- Hy sal 'n opbrengs van R608 000 (19 000 x R32) kry
- Sal 'n wins van R323 000 maak op hierdie verkoop
- Hy sal nog steeds 'n meerderheid aandeelhouer wees (301 000/600 000 = 50,2%)

6

| TOTALE PUNTE | 45 |
|---|---|

## VRAAG 4

**4.1** **Verduidelik hoe jy op die HUB se stelling sou reageer. Noem TWEE punte.**

TWEE punte✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike/gedeeltelike antwoorde

Enige geldige verduidelikings, bv.

- Die maatskappy is afhanklik van die gemeenskap vir sy sukses/dit is deel van 'n gemeenskap wat hulle ondersteun.
- Die gesondheid van sy werknemers sal 'n invloed op die winste van 'n maatskappy waardeur die HUB vergoed word, hê
- Die maatskappy moet op sy verantwoordelikheid en groei fokus eerder as om op die regering en ander instellings te vertrou.
- Hulle behoort saam met die regering te werk om gemeenskaplike doelwitte van opheffing van die gemeenskap te bereik/nie onafhanklik nie.
- Die regering behoort 'n goeie voorbeeld te stel deur misdaad en korrupsie uit te wis.
- Die King Kode het riglyne vasgelê vir die KSV waaraan maatskappye moet voldoen.
- Volgens arbeidswetgewing moet maatskappye verantwoordelik wees vir vaardigheidsontwikkeling,

Voorbeelde vir 1 punt antwoorde:
Gemeenskap is belangrik / weerknemers moeet gelukkig wees / reels is in plek

**4**

**4.2** **Dui aan of Franco Bpk. 'n publieke of privaat maatskappy is.**
Publieke ✓

**1**

**Verduidelik waarom werknemers en beleggers (aandeelhouers) oor hierdie insident ontsteld was.**

**Kommentaar oor werknemers:**
Enige geldige punt ✓✓ deelpunte vir onvolledige /onduidelike antwoorde

- Toekomstige indiensneming/afleggings.
- Geen loonvehoging/bonusse /oortyd
- Verlies van voordeel in toekoms bv pensioen, mediesefonds
- Maatskappy kan dalk toemaak/ lei tot verdere werkloosheid
- Onsekere ekonomie/ werk is skaars/ hoë werkloosheidskoers.

**Kommentaar oor beleggers (aandeelhouers):**
Enige geldige punt ✓✓ deelpunte vir onvolledige /onduidelike antwoorde

- Hulle beleggings/spaargeld is nou uitgeput of verlore as gevolg van 'n vermindering in die aandeleprys.
- Verlies van verdienste (dividende)/ Nie in staat om daaglikse lewenskoste te hanteer nie.
- Lae beleggersvertroue in direkteure /ouditeure (agv hulle nalatigheid of doelbewuste bedrieglike aktiwiteite)/dissiplinêre prossese nodig
- Kan dit moeilik/onmoontlik maak om hul aandele te verkoop

**4**

**Verduidelik wat in die maatskappy verkeerd geloop het dat daar toegelaat is dat hierdie bedrog plaasvind. Noem DRIE verskillende/aparte punte.**

Enige DRIE geldige punte
Verduideliking moet die faktore wat die punte in die scenario beïnvloed, aandui bv moet nie 'n verbatin herhaling van die scenario aanvaar nie

✓✓ ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige /onduidelike antwoorde

- Onbetroubare ouditverslae/ eksterne ouditeure/internal ouditeure was bevooroordeeld of nalatig
- Direkteure het buite karakter opgetree/ op 'n onetiese of bedrieglike wyse (kriminele aktiwiteit)
- Daar is van personeel verwag/beïnvloed om onreëlmatige gebruike te volg wat deur senior bestuurders goedgekeur of oorgesien is.
- Omkoop/sameswering in die verskaf of oorsien van beduidende transaksies
- Gebrek aan gereelde/effektiewe interne beheermaatreëls (bv. verdeling van pligte) in plek.
- Geen behoorlike toepassing van GAAP/IFRS met die opstel van finansiële state

| |
|---|
| |
| **6** |

| **TOTALE PUNTE** | **15** |
|---|---|

**TOTAAL: 150**